

Langbeenpoppe het wêreldwyd byna kultusstatus verwerf. Speel saam en maak die mooiste popklere. Deur Riana van der Merwe



Katrien

ALGEMENE INLIGTING:

1. Alle naatbreedtes is 0,5 cm, behalwe by rifstof waar dit net 0,3 cm breed is.
2. Some is 0,8 cm breed.
3. Gebruik toutjies in broeke in plaas van rek.

AFKORTINGS:

- RK – regte kant
- VK – verkeerde kant
- NT – naattoelating
- MV – middel voor
- MA – middel agter

Katrien se klere

Dié klere sal 'n pop van sowat 25 cm lank pas.

Voor-skootbroek

Op bestelpatroon.

BENODIGDHEDE

Stuk materiaal soos denim of katoenstof van sowat 16 x 24 cm; 2 drukknopies.

MAAK SÓ

1. Trek patroondele 8, 9, 12 en 13 af en knip uit. Merk sakposisie.
2. Stik MV-naat en stryk plat. Werk sak se rande af en pars nate en soom na VK. Plaas sak in posisie op VP en stik vas.
3. Werk lang sy van band af, vou na VK op voulyne en stik vas. Stik MA-naat van AP, plaas bande met skuins punte teen AP se borand, stik vas en werk naat aan VK van AP vas.
4. Werk mousgate en borand van VP in een beweging af. Vou soompie en werk vas. Werk

some in broekspype. Stik synate en broekspype.

5. Werk drukknopies aan bande en VP.

Pet

Patroon op bl. 58.

BENODIGDHEDE

Stuk lap van sowat 11 x 24 cm; stuk rek, 1,5 cm lank.

MAAK SÓ

1. Trek patroondele 10, 11 en 14 af en knip uit.
2. Stik MV-naat en MA-naat. Werk opening op MA af en soom. Werk rek vas soos op patroon aangedui.
3. Stik randdele toe met RKe teen mekaar, om lang kurwe. Dop om en maak randstiksel. Stik rand aan voorste deel van pet vas, MV opmekaar.
4. Stik voorste en agterste gedeelte van pet aan mekaar vas, van oor tot oor. Werk naat af. Werk onderrand van pet af en werk soompie in.

Gholfhempie

Patroon op bl. 58.

BENODIGDHEDE

Rifstof van sowat 12 x 18 cm (gebruik 'n stewige soort wat nie te veel rek nie); 1 drukknopie.

MAAK SÓ

1. Trek patroondele 15, 16, 17 en 18 af en knip uit. Werk skouernate met sigsagsteek (steeklengte 2, steekwydte 4). Sigsag buiterand van kraag.
2. Stik kraag in hals vas met sigsagsteek. Stik naat plat aan hemp vas. Vou soom op MV na VK en werk stiksel om soos slippie te lyk op regterhandse pant. Werk halspunte met oorhandse stekies vas.
3. Werk mousome af en werk mou in mousgat vas. Stik mou- en synate aaneen toe. Werk onderrand van hemp af en werk drukknopie vas by MV.

Kniekouse

Patroon op bl. 58.

Kinderspeletjies

BENODIGDHEDE

Rifstof van sowat 11 x 12 cm.

MAAK SÓ

1. Trek patroondeel 20 af en knip uit. Werk borand af met sigsagsteek en vou oorslag na RK.
2. Vou kous dubbel in lengte en stik lang naat met sigsagsteek vas. Keer om na RK.

Seilskoene

Patroon op bl. 58.

BENODIGDHEDE

Stuk lap van 4 x 10 cm – gebruik stewige katoen, seilstof of denim; dun toutjie.

MAAK SÓ

1. Trek patroondeel 19 af en knip uit.
2. Werk rande af. Vou skoen op voulyn met RK opmekaar. Stik toe tot op rande. Vou puntjie by hak en stik. Keer om na RK en druk toon uit.
3. Ryg dun toutjie deur.

Rugsak

Patroon hieronder beskryf.

BENODIGDHEDE

Stuk lap van sowat 13 x 18 cm – gebruik stewige katoenstof, denim of seilstof; dun toutjie; 1 drukknopie.

MAAK SÓ

1. Knip vir sak stuk van 11,5 x 6 cm. Vir deksel stuk van 12 x 5 cm en 2 bande van 11 x 2,5 cm elk. Maak bande: werk lang sye af en stik soompies. Werk 1 lang rand van sakdeel af. Vou soom na VK en stik vas.
2. Plaas kort sye teen mekaar en stik vas.
3. Vou onafgewerkte rande van buis opmekaar, werk toe. Vou hoekies dwars en stik af sodat kardoos vorm. Keer om na RK.
4. Stik deksel se nate aan VK toe en keer om na RK.
5. Werk oop kant aan sak vas. Werk bande aan agterkant van sak vas.

Pieter se klere

Dié klere sal 'n pop van sowat 30 cm lank

pas.

Sweetpak

Op bestelpatroon.

BENODIGDHEDE


Stukkie lap van 36 x 34 cm in hoofkleur (gebruik Quantec of baie dun gebreide sweetpakstof); 13 x 12 cm in kontraskleur; 64 cm skuinsband of smal *webbing*; 1 kort nylonrits (10 cm verkrygbaar, andersins 15 cm en maak dit korter); ribstof van sowat 10 x 24 cm; 18 x 4 cm (heup); 2 (6 x 4) cm (moue); 7 x 3 cm (hals); dun toutjie.

BAADJIE MAAK SÓ

1. Trek patroondele 24, 25, en 26 af en knip uit.
2. Stik skuinsband op voor syant soos op patroon gemerk.
3. Plaas middelvoorant teen voorste syant met Rke teen mekaar, stik en werk af.
4. Vou MV-rand om na VK en ryg. Plaas teen tandjies van rits en stik vas.
5. Stik skouernate. Vou moue se ribstof dubbel en stik aan mourand vas terwyl jy dit rek. Stik synate toe.
6. Vou halsrand se ribstof dubbel en merk in middel van rafelrand. Plaas middel op MA en steek vas. Rek rib tot dit by rand kom en stik vas.
7. Las ribstof vir onderkant van baadjie deur kort kante vas te stik. Vou ribstof sodat lang rande opmekaar is. Rek ribstof terwyl jy dit met reguit stiksel vasstik.
8. Ryg toutjie deur hals se ribstof en knoop punte.

BROEK MAAK SÓ

1. Trek patroondeel 29 af en knip uit. Stik skuinsband op pype vas.
2. Stik MV-nate vas.
3. Sigsag borand van broek. Vou soom na VK en stik vas.



Pieter



4. Ryg toutjie in soompie deur op MA te begin en dit dan op merkje by MV-naat na buite te laat kom. Steek weer in deur merkje na MV en ryg deur tot MA opening. Laat lus van 20 cm op MV.

5. Plaas MA-nate met RK opme-kaar en sorg dat toutjie se punte 'n ent uitsteek, sodat dit in naat vasgewerk kan word. Stik en werk MA-naat af.

6. Heg ribstof aan onderpunt van die broek se pype soos by moue.

7. Plaas MA naat met RK op RK van MV-naat en steek vas. Plaas pynate opme-kaar sodat punte van ribstof netjies pas en stik van ribstof tot ribstof vas en sigsag. Keer om na RK.

Sportsak

Op bestelpa-
troon.

BENODIGDHEDE

Lap 16 x 12 cm
(Quantec, denim, stewige
katoen).

MAAK SÓ

1. Trek patroondeel 30 af en knip uit. Maak bande van sportsak deur skuinsband dubbel te vou en vas te stik om die randjie.

2. Plaas bande op x-merkje, sodat lus na rafelkante wys, en steek vas.

3. Stik skuinsband op sak vas soos op patroon aangedui, sodat dit oor bande gaan en dit dan terselfdertyd in posisie hou.

4. Plaas rits met sy RK na onder op rand van sak (A), en stik teen tandjies vas. Herhaal op rand B. Indien rits te lank is, verkort.

5. Plaas naat C opme-kaar,

stik toe.

6. Stik naat D toe. Plaas naat D op stippellyn, sodat E se rafelrande opme-kaar is en stik dit toe. Doen dieselfde by Naat F.

7. Plaas naat G op rits se tandjies sodat rafelrande van G opme-kaar lê. Stik versigtig vas.

8. Doen dieselfde aan onderkant by H. Keer om na RK.

Plakkies

Patroon Op bl. 58.

BENODIGDHEDE

Flentertjies dik Vilene. Stukkies wat soos sportsak lyk 7 cm x 12 cm.

MAAK SÓ

1. Trek deel 27 en 28 af en knip uit.

2. Werk een lang rand van bandjie af met sigsag. Vou band in drie deur onafgewerkte rand op A-stippellyn te plaas en afge-
werkte rand op vou. Stryk plat en stik rande plat.

3. Plaas kolle van band op kolle van een van sool en vou dit om na onderkant. Steek vas. Plaas ander sool oor punte en werk met dubbel rygsteek om rand vas.

Sanet se klere

Dié klere sal 'n pop van sowat 30 cm lank pas.

Oorvouromp

Patroon op bl. 58.

BENODIGDHEDE

Stuk lap van sowat 18 x 36 cm, verkieslik kreukeltraag.

MAAK SÓ

1. Trek patroondele 1, 2 en 3 af en knip een van elk uit materiaal.

2. Stik synate. Vou plooitjies op regtervoorpant en steek vas.

Werk buiterand van romp af en werk soom in.

3. Plaas band op romp se middel – rou rande, RK en MA opme-kaar. Stik romp aan band vas, vou res van band se NT om na VK. Vou ander rand om na VK en stik aan romp en res van band vas.

Toppie

Patroon op bl. 58.

BENODIGDHEDE

Stukkies rifstof van 8 x 11 cm; stukkie tou of lint.

MAAK SÓ

1. Trek patroondeel 4 af en knip een op vou uit rifstof. Werk bo-
en onderrand af en stik MA-naat.

2. Vou toutjie dubbel en steek lus deur merkje op MV. Steek punte deur lus en trek styf. Knoop punte van toutjie.

Handsak

Patroon op bl. 58.

BENODIGDHEDE

Stuk baie dun kunsleer van 18 x 20 cm; 1 drukknopie; stuk boorsel van 5,5 cm lank.

MAAK SÓ

1. Trek patroondeel 5 af en knip uit kunsleer. Knip ook band van sowat 15 x 2 cm, en flap van 10 x 6,5 cm.

2. Werk een kort kant van sak-deel af met soompie. Vou pant op voutyln en stik kort sye toe. Vou nate oop en plat en vou puntjie by hoeke. Stik af sodat kardoos vorm. Keer RK na buite.

3. Vou flap dubbel en stik kort sye toe, dop RK na buite. Stik boorsel aan vou vas sodat dit effens oor rand hang.

4. Vou sak se sye op stippellyn (op patroon). Skuif oop rand van



Sanet



flap oor onafgewerkte rand van sak sodat voue teen flap se rande pas. Stik vas.

5. Maak band en werk aan flap vas. Werk drukknoopie aan sak en flap.

Geel oortrui

MATE

Om klein langbeenpoppe te pas.

SPANNING

21 ste en 22 rye = 5 x 5 cm oor kabelpatroon met 2,75 mm-Ne en met driedraadbreigare.

BENODIGDHEDE

Driedraadbreigare, 20 g geel; 'n paar elk breinaalde van 2,25 mm en 2,75 mm; kabelnaald; rekgare; 2 drukkertjies; 2 stekehous; 2 haakspelde.

AFKORTINGS

aw – brei aweregs

aw-op – tel horisontale lus wat voor volgende steek lê op en brei aw in agterkant daarvan

beg – begin

drif – dubbelrif

herh – herhaal

k4v – kabel 4 steke voorlangs (plaas volgende 2 steke op kn en hou aan voorkant van werk, r2, r die 2 steke op kn)

kn – kabelnaald

ks – koussteek

N(e) – naald(e)

oks – omgekeerde koussteek

(RK is aw-kant)

oorbl – oorblywende

pat – patroon

r – brei regs

rif – riffelsteek, r1, aw1

rs – reksteek

R(V)K – regte (verkeerde)

kant van werk

st(e) – steek(steke)

tes – tesame

vermeer – vermeerder

vermin – verminder

vlg – volgende

weersk – weerskante

AGTERPANT

Gebruik 2,25 mm-Ne en geel, stel 33 ste op, brei 7 rye rif.

Vlg ry: r1, aw1, r1, (aw2, aw-op, aw1, r1, aw1, r1) tot einde - 38 ste.

Slaan oor na 2,75 mm-Ne en kabel-pat.

1e (RK-) ry: aw1, r1, aw1, (r4, aw1, r1, aw1) tot einde.

2e ry: r1, aw1, r1, (aw4, r1, aw1, r1) tot einde.

3e ry: aw1, r1, aw1, (k4v, aw1, r1, aw1) tot einde.

4e ry: soos 2e ry.

Herh dié 4 rye vir pat, brei reguit tot werk 6 cm lank is vanaf beg, eindig met 'n RK-ry.

Mousgate en agterpant-

opening: **Vlg ry:** Pat 18, heg 2 ste af, pat tot einde.

Vlg ry: Heg 2 ste af, pat tot afgehegte ste, draai en plaas oorbl ste op stekehous.

Brei reguit voort tot werk 10,5 cm lank is vanaf beg, eindig by rand van agterpantopening.

Vlg ry: Pat 6, heg oorbl ste af; plaas 6 halsrand-ste op haakspeld.

Met RK voor, beg by ste op stekehous, heg werkdraad vas en pat tot einde.

Vlg ry: Heg 2 ste af, pat tot einde.

Voltooi met omgekeerde vorming, begin dus laaste (VK-) ry met: heg 10 ste af, pat oorbl 6 ste en plaas dié ste op haakspeld.

VOORPANT

Gebruik 2,25 mm-Ne en stel 39 ste op; brei 7 rye rif.

Vlg ry: r4, aw1, r1, (aw2, aw-op, aw1, r1, aw1, r1) tot laaste 3 ste, r3 - 44 ste.

Slaan oor na 2,75 mm Ne en brei pat soos vir agterpant, maar brei eerste 3 ste oks, (dus r3 aan VK aan aw3 aan RK); brei pat-ry soos vir agterpant, dan laaste 3 st oks. Brei reguit tot werk so lank soos agterpant tot mousgatvorming is, eindig met VK-ry.

Mousgatvorming: **Vlg 2 rye:**

Heg 5 ste af, pat tot einde - 34 ste.

Brei reguit voort tot werk 9,5 cm lank is vanaf beg, eindig met VK-ry.

Halsvorming: **Vlg ry:** Pat 14, draai en hou oorbl ste eenkant.

Vlg ry: Heg 2 ste af, pat tot einde.

Vlg 2 rye: Pat, en vermin 1 st aan halsrand in elke ry.

Brei nog 1 ry pat, heg dan oorbl 10 ste af.

Met RK voor, beg by oorbl ste op N, plaas vlg 6 (middelste) ste op 'n haakspeld, heg werkdraad vas en pat tot einde. Voltooi soos uiteengesit vir eerste skouer maar met omgekeerde vorming, d.w.s. heg 2 ste af aan beg van RK-ry en vermin dan 1 st aan halsrand in vlg 2 rye.

MOUE (2)

Gebruik 2,25 mm-Ne en stel 21 ste op, brei 9 rye rif.

Vlg ry: r1, aw1, r1 (aw2, aw-op, aw1, r1, aw1, r1) tot einde - 24 ste.

Slaan oor na 2,75 mm-Ne en pat soos uiteengesit vir agterpant; vermeerder terselfdertyd 1 st aan weersk van elke vlg 4 rye tot 34 st op N, neem ekstra ste in pat op.

Brei tot werk 7 cm lank is vanaf

beg, eindig met VK-ry.

Moukopvorming: **Vlg 4 rye:**

Heg 3 ste af, pat tot einde.

Vlg 2 rye: Heg 5 ste af, pat tot einde.

Heg oorbl ste af.

Halsstrook: Werk skouernate toe. Met RK voor en 2,25 mm-Ne, r linkeragterpant-ste op haakspeld, tel op en r 6 ste uit halsrand, r eerste 2 voorpant-ste op haakspeld, r vlg 2 ste tes, r2; tel op en r6 ste uit ander kant van halsrand, r agterpant-ste op haakspeld - 29 ste.

Brei 2 cm enkelrif en heg lossies af.


Openingstroke: Vou halsstrook na binnekant om en glipsteek vas.

Met RK voor, 2,25 mm-Ne, beg by voulyn van halsstrook, tel op en r 18 ste uit een rand van agterpantopening. Brei 3 rye rs en heg af.


Brei 2e strook op dieselfde manier.

AFWERKING

Werk sy- en mounate toe, werk moue vas. Werk onderste punt van regteragterpant-openingstrook aan afgehegte ste vas; punt van linkerstrook word aan binnekant vasgewerk. Werk 2 drukkertjies aan strook vas om dit toe te maak. □



Die res van die patrone op die foto is in Zita Schimming se boek, *Brei vir langbeenpoppe*, uitgegee deur J.P. van der Walt en Seun. Dit kos R34,95 by boekwinkels, maar Rooi Rose-lesers kan dit vir slegs R29,71, posgeld ingesluit, bestel. Bel (012) 325-2100 om jou bestelling te plaas. Elke tiende leser wat bel, sal die boek gratis ontvang.



Die res van die patrone kan teen R5 bestel word.
 Stuur 'n tjek of posorder, uitgeskryf aan *Rooi Rose*, saam met jou besonderhede, aan *Rooi Rose-handwerk*, Posbus 2595, Johannesburg, 2000.

foto's *MARIAM GILLAN*;
 popklere gemaak deur *RINA AURET*;
 poppe van *REGGIES*, Eastgate